DINSDAG GROOT LYDENSWEEK 2006
11 APRIL 2006
Ds Freddie Schoeman

Ons is besig om die laaste week van Jesus se lydenspad agter Hom aan te stap. Gister het ons gekyk na dit wat op die Maandag van die Groot Lydensweek gebeur het. Ons het gekyk na veral twee insidente: Jesus wat die vyeboom vervloek en toe na die tempelreiniging. Die aand het Jesus en sy dissipels na Betanië toe terug gekeer.

Nou kom ons by die Dinsdag. Die Dinsdag moes vir Jesus 'n besondere besige, maar ook spanningsvolle en emosioneel dreinerende dag gewees het.

Vroeg reeds was Jesus by die tempel gewees en dáár het lede van die Joodse Raad Hom begin peper met vrae. Die eerste een was natuurlik: "Wie gee jou die reg om om sommer so in te kom en te doen wat jy gister en eergister gedoen het?"

Markus 11:27-28

Terwyl Jesus op die tempelplein loop, kom die priesterhoofde en die skrifgeleerdes en die familiehoofde na Hom toe [28] *en vra vir Hom: "Met watter gesag doen u hierdie dinge? Wie het u hierdie gesag gegee om dit te doen?"*

-ooo-000-ooo-

Daarna moes Jesus 'n hele aantal strikvrae systap. Die Joodse Raad het afvaardiging na afvaardiging na Jesus gestuur om Hom te probeer vastrek sodat hulle genoeg getuienis teen Hom kon versamel om Hom ter dood te veroordeel.

- **Die vraag oor die belasting was bedoel om Jesus in die moeilikheid by die Romeinse owerheid te bring.**

- **Die vraag oor die grootste gebod in die wet was bedoel om Jesus die geleentheid te gee om Homself te inkrimmineer.**

- **Die vraag oor die opstanding uit die dood was bedoel om Hom by 'n strydgesprek tussen die Sadduseërs en die Fariseërs te betrek.**

Die hele dag moes Jesus dus in sy pasoppens wees en die hele tyd daarteen waak om nie in strik te val nie. Dit moes noodwendig byna ondraaglike spanning meegebring het.

-ooo-000-ooo-

Tussendeur het Jesus ook die geleentheid gebruik – terwyl daar 'n skare mense in die tempel teenwoordig was – om hulle deur middel van gelykenisse te leer. Die meeste van hierdie gelykenisse word deur Matteus vir ons deurgegee:

- **Die gelykenis van die twee seuns wat die een Ja en die ander Nee gesê het op hulle vader se versoek**
- **Die gelykenis van die boer wat 'n wingerd geplant het en dit verhuur het (wat ook deur die Lukas en Markus vertel word.)**
- **Die gelykenis van die bruilof waarheen die gaste wat uitgenooi was nie gekom het nie en die mense van die straathoeke, goeies sowel as slegtes, toe genooi is.**

Al hierdie gelykenisse was "subversiewe" gelykenisse. Dit was direk gemik op die Joodse godsdienstige owerhede en het baie skerp kritiek bevat oor die manier waarop hulle geglo en gewerk het. Die basiese boodskap was dat hulle die eintlike taak wat die Here aan hulle opgedra het nie nakom nie en dat dit nou van hulle af weggeneem sal word.

-ooo-000-ooo-

Verder was Jesus ook in 'n baie skerp konflik met die Fariseërs gewikkel. Jesus het die Fariseërs in baie skerp taal veroordeel. Hy het hulle witgepleisterde grafte vol doodsbeendere genoem. Hy het ook gesê dat hulle die deur van die koninkryk in mense se gesigte toeklap.

-ooo-000-ooo-

Teen die einde van die dag, het Jesus en sy dissipels uit die stad vertrek. Toe hulle teen die hange van Olyfberg oploop, kon hulle terugkyk en Jerusalem, en veral die tempel, in die laatmiddagson sien glinster. Jesus gebruik toe hierdie geleentheid om met sy dissipels oor die lot van Jerusalem en die tempel te praat en daarmee saam sommer ook oor die eindtyd. Hier het Jesus volgens Matteus ook die gelykenisse van die getroue en die ontroue slaaf, van die tien meisies (vyf dwaas, vyf wys), die gelykenis van die talente (goue muntstukke), gelykenisse wat almal gehandel oor waaksaamheid met die oog op die wederkoms.

Jesus het ook hier sy dissipels aangespoor tot weldade aan mense: kos vir hongeres, klere vir die klereloses, water vir die wat dors is, besoeke aan

die gevangenes, verpleging vir die siekes en huisvesting vir die vreemdelinge.

-ooo-000-ooo-

Tussen al die gelykenisse wat Jesus vertel het, is daar veral een wat uitstaan en wat deur al drie die sinoptiese evangelies (Matt, Markus, Lukas) vertel word. Dit is die gelykenis van die grondbesitter wat 'n wingerd geplant het en dit uitgehuur het aan boere.

Na aanleiding waarvan vertel Jesus hierdie gelykenis? Toe die lede van die Joodse Raad na Jesus toe kom en Hom vra op watter gesag hy die tempel gereinig het, het Jesus op 'n vernuftige wyse dié vraag gesystap en hulle nie direk geantwoord nie. Maar tog gebruik Hy hierdie gelykenis om die vraag oor sy gesag op indirekte wyse te antwoord. Kom ons kyk na Matteus se weergawe (Matt 21:33-46).

33 ***"Luister na nog 'n gelykenis," het Jesus gesê. "Daar was 'n grondbesitter wat 'n wingerd geplant en 'n klipmuur daar rondom gebou het. Hy het daarin ook 'n parskuip uitgekap en 'n wagtoring opgerig. Toe het hy dit aan boere verhuur en op reis gegaan.***

Die praktyk van 'n grondbesitter om sy grond uit te huur was algemeen bekend in die tyd van Jesus. Die meeste grondbesitters was egter geldgierig en het oor die algemeen die huurders sover as moontlik probeer uitbuit. Die grondbesitter van die gelykenis is egter anders en as ander grondbesitters hierdie gelykenis gehoor het sou hulle hom waarskynlik as uiters naïef beskou het.

Hierdie grondbesitter doen self ál die vooraf-werk. Hy belê 'n groot hoeveelheid, geld, tyd en energie om die wingerd self te plant, te sorg dat die beskerm word deur 'n klipmuur en 'n wagtoring – en in afwagting op die vrug, bou hy ook 'n parskuip. In hierdie gelykenis was die grondbesitter natuurlik die Here self – en die toehoorders sou dit besef het want Jesaja 5 – waar ons ook lees van die Here wat 'n wingerd geplant het – was waarskynlik bekend aan meeste. (Lees Jesaja 5:1-7) Deur die aandag te vestig op alles wat die grondbesitter gedoen het voordat hy vertrek het, wou Jesus klem lê op die liefde, barmhartigheid en genade van God wat alles vir sy volk gee.

34 ***Toe dit tyd geword het vir die druiweoes, het hy van sy slawe na die boere toe gestuur om sy deel van die oes te gaan haal.***

Dit het ongeveer vyf jaar geneem vir 'n wingerd om sy eerste oes te lewer. Die grondbesitter het nie voor die tyd huur gevra nie – al het hý die aanvanklike uitset en inset koste gedra. Dit is 'n verdere aanduiding van

die grootmoedigheid van die grondbesitter. Hy het ook nie hele oes kom vra nie – net sy billike deel. In die lig van die goedheid van die grondbesitter, is die optrede van die boere geheel en al onverstaanbaar en uiters laakbaar.

35 ***Maar die boere het sy slawe gevang, die een geslaan, en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.*** ***36*** ***Die eienaar het toe weer ander slawe gestuur, meer as die eerstes, maar die boere het met hulle net so gemaak.***

Jesus sinspeel op die profete van die Ou Testament wat soms rof deur die konings en die leiers van die volk behandel is.

37 ***Heel laaste het hy sy seun na hulle toe gestuur met die gedagte: hulle sal tog my seun ontsien.*** ***38*** ***Maar toe die boere die seun sien, sê hulle vir mekaar: 'Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak hom dood en vat sy erfenis.'*** ***39*** ***Hulle het hom toe gegryp en hom uit die wingerd uitgegooi en doodgemaak.***

Jesus sê by implikasie hier – voor die Joodse Raad - dat Hyself die Seun van God is – en terselfdertyd wys Hy dat Hy bewus is van hulle planne om Hom dood te maak.

En dan vra Jesus 'n vraag, en, net soos wat Natan vir Dawid deur middel van 'n verhaal gevolg deur 'n goedgeplaaste vraag in 'n lokval ingelei om homself te inkrimineer, doen Jesus dieselfde met die Joodse leiers:

40 ***"As die eienaar van die wingerd terugkom, wat sal hy met daardie boere doen?"***

Jesus se ondervragers en beskuldigers trap mooi netjies in die strik.

41 ***Hulle antwoord Hom: "Hy sal daardie slegte mense 'n vreeslike dood laat sterwe en die wingerd aan ander boere verhuur wat hom op die regte tyd sy deel van die oes sal gee."***

En nou laat Jesus die strik toeklap:

42 ***Toe sê Jesus vir hulle: "Julle het tog al in die Skrif gelees:***
Die klip wat deur die bouers **(die Joodse leiers is soms vergelyk met bouers)**
afgekeur is,
juis hy het die belangrikste klip
in die gebou geword. **(Jesus verwys na Homself)**
Dit is deur die Here gedoen
en is 'n wonder in ons oë.

En nou die vonnis:

43 ***Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan ’n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal lewer.***
44 ***“Wie op hierdie klip val, sal verpletter word, en die een op wie hy val, sal hy vermorsel.”***

Wat was die reaksie van die priesterhoofde en die Fariseërs?

45 ***Toe die priesterhoofde en die Fariseërs Jesus se gelykenisse hoor, het hulle besef dat Hy op hulle sinspeel.*** ***46*** ***Daarom wou hulle Hom gevange neem, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom as ’n profeet beskou het.***

Daar is 'n paar onder- en botone aan hierdie gelykenis wat ons aandag verg:

Anders as Jesaja 5 – waarop hierdie gelykenis sinspeel – dra hierdie wingerd wel 'n oes. Wat egter hier gebeur, is dat die grondbesitter nie *sy deel* van die oes kry nie. Die boere hou die hele oes vir hulleself.

Om die volle impak van die betekenis hiervan te besef, moet ons iets van die Fariseërs verstaan. Die Fariseërs was 'n relatief klein groepie (so ongeveer 6000) Joodse mans wat hulleself apart (dit is die grondbetekenis van die woord Fariseër) van die res van die volk gehou het sodat hulle hulleself volledig aan God kon toewy. Hulle was nie slegte mense nie. Hulle bedoelings was edel en suiwer. Hulle was ook hoog in aansien by die volk. Die mense het vir hulle respek gehad.

Wat was Jesus se probleem met hulle? Jesus se probleem met hulle was basies dit: hulle het, soos die boere, al die vrugte van die wingerd vir hulleself gehou. God het 'n groot mate van liefde en genade in hulle belê en die gedagte was dat God se seën deur hulle na ander toe moes vloei – maar hulle het dit alles vir hulleself gehou. Hulle was veronderstel om ander ook daarin te laat deel – want God se liefde was eintlik bedoel vir almal.

Hulle teologie van heiligheid het dit nie toegelaat nie. Net rein mense mag heilige handelinge verrig, het hulle teologie gesê. Maar sommige mense het in hulle oë geen hoop op reinheid gehad nie:

- **Liggaamsgebreke: dowes, blindes, lammes**
- **siekes, melaatses**
- **armes**
- **sondaars: tollenaar en straatvrouens**

- **ens.**

En omdat hulle geen hoop op reinheid gehad het nie, kon hulle nie heilige handelinge verrig nie en is hulle permanent uitgesluit uit Joodse godsdienstige sisteem en daardeur ook uitgesluit uit God se liefde. Hulle het nie toegang gehad tot versoening en vergifnis nie.

Daarom sê Jesus:

"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan. **(Matt 23:13)**

"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. .... **(Matt 23:23) ... liefde!**

Die godsdiens van die Fariseërs was 'n liefdelose godsdiens. En dit – liefde – is juis die vrug wat die Groot Grondbesitter wou kom haal by die boere. Hy wou nie gehad het dat die boere hulle vrug moes opoffer sodat hulle niks oorgehad het nie. Al wat Hy wou gehad het was sy deel – die deel wat bedoel was vir diegene wat dit die nodigste gehad het – die armes, die siekes, die sondaars.

-ooo-000-ooo-

Die koninkryk van God – die evangelie van God se liefde – is nou aan die kerk toevertrou. Die Groot Grondbesitter het dit van die Joodse leiers af weggeneem en dit vir die kerk gegee – die kerk wat bestaan het uit gelowiges wat uit die Jodendom sowel as die heidendom afkomstig was.

Die vraag wat ons vir onsself nou moet afvra is dit: wat maak óns met hierdie verantwoordelikheid. In hoe 'n mate stel ons die evangelie beskikbaar aan mense wat dit nog nie het nie? In hoe 'n mate is ons geneig om die evangelie vir onsself te hou?

Die Here vra nie van ons meer as wat ons kan gee nie. Ons kan ons deel van die vrug hou. Al wat Hy vra is *sý deel*!

Amen